Die Afrikaner
sedert 1970
R15
Bedryfskoste per eksemplaar
admin@hnp.org.za
Tel. 079 752 4898
Nr 2272 25 Maart 2026

Volksmoord of nie?

Henk van de Graaf

Daar word deesdae baie gedebatteer oor die kwessie of daar 'n volksmoord teen die Afrikanervolk in Suid-Afrika plaasvind of nie.

Amerika se president Donald Trump is vas oortuig dat dit wel die geval is. Die ANC en sy meelopers in die linkse media maak dit af as belaglik.

Die nuwe Amerikaanse ambassadeur in Suid-Afrika, Leo Brent Bozel III, is skynbaar ook sy president se mening toegedaan, alhoewel Bozel al uitsprake gemaak het soos dat apartheid verkeerd was en daar regstelling in die ekonomie moet kom.

Hy het 'n ontmoeting met Bantu Holomisa, voormalige Transkeise leier en tans leier van die UDM en adjunk-minister van verdediging, gehad. Holomisa het Bosel aangemoedig om sy tyd in Suid-Afrika te bestee om die bewerings van 'n wit volksmoord in die land self na te gaan.

As Bozel uiteindelik sou bevind dat daar wel sprake is van 'n volksmoord, sal die ANC en sy koalisievennote dit steeds bly ontken.

In my soektog na stories vir die nuwe rubriek, "Staaltjies uit die HNP se Verlede", kom ek toe op hierdie toespraak af wat ek gelewer het by die HNP se 43ste Jaarkongres op 31 Mei 2012 in die Willie Marais Afrikanersentrum, waarin ek nogal juis oor die hele volksmoord-saak en definisie uitgebrei het. Dalk is dit relevant om net weer na daardie feite te kyk. Behalwe die syfers van daardie tyd en name van regeerders, het daar nie werklik veel verander nie.

Volksmoord

Suid-Afrika is tans een van die gewelddadigste lande in die wêreld. Alhoewel die ANC-bewind wil spog dat misdaad afneem, is 'n daling van 53 tot 44 moorde per dag, uiters min om mee te spog. Inteendeel!

Aangesien die polisie nie meer statistiek vrygee op die basis van ras nie, is dit baie moeilik om te bepaal hoeveel van hierdie 44 moorde per dag, of 16 000 per jaar, van ons volksgenote is wat die slagoffers is.

Projek 2010 is nog besig om die inligting in te samel oor presies hoeveel van ons mense deur swartes vermoor is sedert 1994. Daar word egter vermoed dat dit in die omgewing van 20 000 kan wees. Sou hierdie syfer juis wees, beteken dit dat dit dalk heeltemal moontlik is dat daar meer Afrikaners vermoor as wat hulle verhouding tot die totale bevolkingsgetalle is.

Die waarskynlikheid hiervan, kan waarskynlik tot 'n groot mate ondersteun word as gekyk word na die aantal plaasmoorde wat gepleeg is. Volgens TLU SA se statistiek is daar sedert 1990 1 560 boere op hulle plase vermoor. As die lys ontleed word aan die hand van die boek "Treurgrond", is dit duidelik dat heelwat meer as 90% van daardie mense, Afrikaners was. TLU SA benadruk dit egter dat sy syfer konserwatief is, omdat hy ook sukkel om akkurate statistiek daaroor te bekom, en daar gevolglik 'n hele paar name gemis is met die opstel van dié databasis. *(Vervolg op bladsy 3)*

Die Redakteur

Regering van Skandes

Is dit moontlik dat daar werklik nog meer skandale kan kom onder die ANC-bewind as wat die laaste drie dekades ervaar is?

Die antwoord is helaas: ja!

Die jongste skandaal is die hele episode rondom die bek- en klouseer uitbraak, wat vleis en melkboere op hul knieë dwing.

Die DA-minister van landbou in die ANC-geleide regering, John Steenhuisen, is besig om deel van die skandaal te word en wys net weer dat as jy met die semels meng, die varke jou sal opvreet.

Steenhuisen word tans in die hof aangevat deur Sakeliga, Saai en Vrystaat Landbou, terwyl die nuutgestigte landbou vereniging, Landbou Aktief, hulle steun aan daardie hofsaak toegesê het. Die kort en die lank van dié saak is om Steenhuisen en sy departement te dwing om die regeringsbeheer oor entstowwe te beëindig. Steenhuisen staan dit teen – hy het net nog meer magsbelus geraak as sy ANC-kabinetskollegas, dat hy alles sentraal deur die staat wil beheer, terwyl dit nie werk nie.

Elke nou en dan vertel Steenhuisen dat groot dele van die land se veekudde teen Desember ingeënt gaan wees. Dit sou dalk kon wees, maar beteken dit regtig iets?

Die landbou-departement kan dit nie hanteer nie, maar weier steeds om private veeartse te betrek. Nou word sogenaamde landbou-tegnici gebruik om die inentings te doen. Dié daag op plase op, sonder identifiseringsplaatjies vir die geënte diere, geen dokumentasie om behoorlik rekord te hou van wie, hoeveel en waar nie, en boonop is die koelhouers van die entstof nie behoorlik verkoel nie, sodat die sogenaamde koueketting gebreek word en semi-warm of selfs warm entstof toegedien word, wat dan nie meer die regte effek het nie. Daardie inentings tel in wese nie. Steenhuisen mislei dus die publiek sodat hy goed kan lyk en nie sy ministerspossie verloor nie. Dit is ‘n skandaal in eie reg.

Die volgende hangende skandaal is die tekort aan brandstof. Talle landbou-maatskappye en vulstasies het nie meer diesel nie, terwyl daar op die vooraand van die oes-seisoen in die somergraan-gebiede nie diesel by boere afgelewer gaan word nie, of tot die belaglike gerantsoeneer gaan word. Dit gaan beteken dat mielie-oeste op die lande gaan vrot omdat daar geen diesel gaan wees om te oes nie. Wat gaan dié deel van die bevolking wie se stapelvoedsel mieliemeel is doen in daardie geval? Dis ‘n resep vir onrus en chaos.

Behalwe dat die regering nog geen aanduiding gegee het dat hy die heffings wat hy in die begroting aangedui het gaan terughou nie, het hy nie sy werk gedoen as verantwoordelike regering nie. Die land het tans slegs brandstof vir twee tot drie weke! Dit is ‘n skande dat ‘n regering sy reserwes onder die internasionale standaard van drie maande voorraad laat daal het.

Ons vermoede is dat die huidige skaarste in veral diesel, gemanipuleer word. Diesel is nie soos petrol aan prysbeheer onderworpe nie. Talle vulstasies het reeds hulle dieselprys verhoog, maar ander wat versigtiger in pleit waarskynlik “leeg” sodat hulle op 1 April “met eer” die nuwe prys kan vra en sodoende groot winste kan inboek. Kom ons kyk of daar na 1 April steeds ‘n diesel skaarste gaan wees.

‘n Ander moontlikheid is dat hier weer ‘n soort inperking kom. In die vroeë sewentigerjare van die vorige eeu, was daar ook ‘n skaarste. Die HNP het die regeringsbeperkings van destyds as ‘n skandaal ontmasker, want Suid-Afrika het geen skaarste gehad nie, omdat die vorige bewind van dr. Verwoerd gesorg het dat daar genoeg brandstof opgeslaan was. Sy opvolger, John Vorster, het egter saamgespeel en gemaak of daar ‘n geweldige skaarsste was, en motoriste is beperk met brandstof innames en rypatrone.

Min of meer almal onthou die skandalige beperkings tydens die Covid-19 tyd, waar ou mense nie hul kinders kon sien nie of omgekeerd, en waar mense onmenslik alleen moes sterf in baie gevalle. Tans kom al hoe meer inligting na vore hoe gevaarlik daardie mRNA-inentings was, wat nou nog letsels het op mense wat onder die onmenslike druk tog die “jab” gekry het. Daardie selfde tegnologie-inentings word nou beplan om sogenaamd bek- en klouseer te beheer. Dalk, maar teen welke koste?

Die volgende skandaal is dalk meer van toepassing op die koalisievennote in die ANC-beheerde regering.

Die ANC bepaal die buitelandse beleid, wat al oor en oor bewys is ‘n rampspoedige beleid te wees, omdat die ANC nie kan afsien aan sy lojaliteit aan mede-terroristebewegings elders in die wêreld nie. In plaas daarvan om doodgewoon ‘n neutrale houding in te neem oor internasionale sake, maak hy telkens die verkeerde keuses, wat Suid-Afrika se

(Vervolg op bladsy 18)

Volksmoord

(Van bladsy 1)

Weer eens kan plaasmoorde ‘n lig probeer werp op die motiewe van die moorde. ‘n Boer en sy vrou gaan Sondag kerk toe. Net nadat hulle weg is, kom plaasterroriste, breek by die huis in, laai die bakkie vol met alles wat hulle wil hê, en gaan sit dan in die sitkamer op die boer se stoele en wag vir die gesin om terug te keer. Sodra dit gebeur, word die gesin geteister, gemartel, met strykysters gebrand, kookwater oor hulle gegooi, die vrou verkrag voor haar man, en die man uiteindelik doodgeslaan met harde voorwerpe ten aanskoue van sy vrou. Die polisie beweer die motief vir so ‘n moord is diefstal.

Die polisie weier om die sake dieper te ondersoek. Vreemd dat plaasaanvalle toeneem in gebiede waar grondeise voorkom. Vreemd dat roof as motief aangegee word, as ‘n boer vermoor word, en sy bakkie tien kilometer verder ongeskonde langs die pad gevind word. Die doel was heel duidelik geen roof nie, want dan sou hulle die bakke gehou het. Die bakkie is net geneem as wegkom-voertuig. Die werklike rede vir die moord word dus nooit ontrafel nie.

Kan hier al gepraat word van volksmoord?

Die internasionale organisasie, Genocide Watch, beskryf volksmoord aan die hand van die internasionale reg, en wel die Konvensie oor die Voorkoming en Straf oor Volksmoord, se artikel 2 dit so: Onder die huidige Konvensie beteken Volksmoord enige van die volgende dade met die bedoeling om ‘n nasionale, etniese, rasse of godsdienstige groep te vernietig of gedeeltelik te vernietig:

a. deur mense van die groep te vermoor;
b. ernstige liggaamlike of geestelike leed aan lede van die groep toe te voeg;
c. deur die groep se lewensomstandighede doelbewus te verander sodat die groep se fisiese voortbestaan as geheel of gedeeltelik bedreig word;
d. om maatreëls in te stel met die bedoeling om geboortes van so ‘n groep te voorkom;
e. om met mag kinders van die betrokke groep oor te dra na ‘n ander groep.

In terme van Artikel 3 van die genoemde Konvensie is dit strafbaar om volksmoord toe te pas, daartoe saam te sweer, direkte of indirekte aanhitsing daartoe, ‘n poging tot volksmoord en medepligtigheid tot volksmoord.

Die Volksmoord Konvensie is aanvaar deur die Verenigde Nasies se Algemene Raad op 9 Desember 1948, en het in werking getree op 12 Januarie 1951. Die teks van artikel 2 is verder as misdaad ingesluit in Artikel 6 van die 1998 Statuut van Rome van die Internasionale Strafhof.

As dan gekyk word na verdere beskrywings wat as strafbaar gereken word, sal ons as Afrikanervolk inderdaad waarskynlik ‘n saak kan uitmaak vir volksmoord teen ons:

- Ons mense word vermoor, getuienis daaroor is volop;
- Daar word ernstige liggaamlike en geestelike letsels aan ons toegedien. In die verduideliking word verwys na die toedien van trauma aan lede van die betrokke groep, deur onder meer wydverspreide verkragtings en verminkings. Ook hieroor is daar voldoende getuienis;
- Die moedswillige verandering van ‘n groep se lewensomstandighede wat kan lei tot sy vernietiging: dit sluit in aksies wat die fisiese voortbestaan bedreig, soos gebrek aan skoon water, skuiling, mediese dienste. Volhoubare lewensomstandighede kan beteken dit konfiskering van oeste, om te keer dat voedsel by die groep uitkom, aanhouding in kampe of om mense na woestyngebiede te stuur. Sou grondonteiening dalk hieronder kan val, in die opsig dat geen voedsel meer beskikbaar word nie? Sou die uittog na woestyngebiede deur ons mense selfs ‘n simptoom kan wees wat hier ter sprake kan kom?
- Voorkoming van geboortes sluit in gedwonge sterilisasies en aborsies, die verbod op huwelike en deur mans en vrouens langtermyn van mekaar weg te hou. Tog ontstaan die vraag of ons volk se onwil om kinders voort te bring, nie hieronder kan val nie, juis omdat die toekoms so onseker is en mense nie hulle kinders wil blootstel juis aan die moorde en verkragtings nie?

Maar die laaste paragraaf in die Konvensie se verduidelikings som dalk alles op: ” Dade van volksmoord hoef nie noodwendig die dood van mense van die groep te beteken nie. Die toedien van ernstige liggaamlike leed of geestelike letsels, of die voorkoming van geboortes en verskuiwing van kinders kom neer op volksmoord as deel van ‘n beleid om die bestaan van die groep te vernietig.”

Dan sien ons in dié verband dat die ANC as party, appelleer teen die Gelykheidshof se bevinding teen Julius Malema se “Skiet die Boere” liedjie. Die implikasie is dus dat die regerende party wil sing dat boere geskiet moet word, en dit kan as aanhitsing gesien word. Jacob Zuma dans gedurig “Bring my masjiengeweer” en die skakel gaan logieserwys getrek word dat Zuma se masjiengeweer ingespan moet word om boere te skiet.

Daar is agt vlakke van volksmoord.

Die eerste vlak is die klassifikasie van groepe. Ons word al lankal geklassifiseer as ryk elite, wittes, bevoordeeldes ens.

Die tweede vlak is simbolisering, soos wanneer na ons as Boere verwys word in die negatiewe sin van die woord of as na hulle verwys word in terme van velkleur. Die Suid-Afrikaanse samelewing is sogenaamd nie-rassig, behalwe as daar na wittes verwys kan word.

Die derde vlak is die dehumanisering. Dit is wanneer een groep basiese regte van ‘n ander groep ontken. Ook hier kan die wegneem van die Blankes se reg of werke en eiendomsreg van toepassing wees.

Die vierde vlak wat intree is die organisering. Die plaasaanvalle, byvoorbeeld, vind meestal met militêre akkuraatheid plaas. Aanvalle op ons mense het al plaasgevind deur polisie- en weermaglede. Dink maar aan die polisieman wat ‘n Kemptonparkse vrou koelbloedig in haar motor doodgeskiet het. Wanneer laas het u iets van daardie saak gehoor...?

Die vyfde vlak heet polarisasie, waar ekstremiste groepe uitmekaar dryf. Ons hoef hieroor nie veel meer te sê as om bloot Julius Malema se naam te noem nie, met sanksie van die ANC.

Die sesde vlak waarin volksmoord gaan, is voorbereiding, waar lede van die groep geïdentifiseer en geteiken word. Doodslyste word opgestel en lede van die groep moet openlike identifikasie dra. In ons geval is dit nie nodig nie, want ons wit velle is moeilik verbergbare identifikasie. Maar gedurende hierdie vlak word die groep se eiendom ook weggeneem of onteien.

Tydens die sewende vlak begin die werklike uitwissing en word dié wat vermoor word nie regtig as mense gesien nie.

In die agtste vlak van volksmoord vind die ontkenning van die regeerders plaas dat daar ‘n volksmoord plaasgevind het.

Tans staan Suid-Afrika op vlak 5, naamlik die polarisasie. Dit beteken dat die eerste vier vlakke dus reeds in werking is. Verlede jaar het Suid-Afrika vlak ses gehad. *Genocide Watch* sê dat die afgradering nie gesien moet word as ‘n verbetering nie, en dat die spanning tussen Swart en Blank steeds baie hoog is. *Genocide Watch* bly hoogs bekommerd oor die haatmisdaad teen Blankes, veral teen die boere, en dit is ’n vroeë aanduiding dat volskaalse volksmoord wel kan plaasvind.

In die lig daarvan dat *Genocide Watch*, ten spyte van die goeie werk wat hulle doen, tog hoofsaaklik in die buiteland gestasioneer is en na meer as net Suid-Afrika kyk, is ek van mening dat hulle baie sake miskyk of geen kennis van dra nie.

Tydens my besoek aan die Europese Parlement om parlementslede daar in te lig oor plaasmoorde, het ek terloops gemeld dat ek die dokumente van die Verkenners, Die Afrikanerfront en die HNP by my gehad het om die volksmoordklag in Den Haag te gaan ondersteun. Ek het ook ’n uittreksel uit ’n dokumentêre film, *War of the Flea*, daar getoon. In daardie film is daar ’n bydrae van Steve Hoffmeyr, wat dit baie uitdruklik en duidelik gestel het: “As my groep vyf groot is, en twee word weggeneem, is dit volksmoord. Dit gebeur in Suid-Afrika met my groep, die Afrikanermense, en daarom is dit volksmoord!”

Die reaksie van die parlementslede daar was verstommend positief. Die hele kwessie van volksmoord is op geen stadium bevraagteken nie. U moet weet dit is ingeligte mense, wat besluite moet neem oor wêreldsake. Hulle het te doen gehad met die Oos-Europese lande, hulle moet besluit oor sanksies al dan nie teen Muammar Ghadaffi, Robert Mugabe en ander diktators van massa-destruksie. Hulle het in hulle gemoed reeds aanvaar dat volksmoord in Suid-Afrika plaasvind, ook op grond van hulle beperkte feite wat hulle het.

Toe ek die lêer in die hande van die hoof van die ondersoekeenheid van die Internasionale Strafhof, mnr. Mark P Dillon, gegee het, was hy beleefd, professioneel, het vinnig ’n vragie of twee geneem, my duplikaat-lêer gestempel en geteken en volledige ondersoek beloof. Weer eens geen geval van hoe durf

jy so ’n bewering maak nie.

Nog voordat ek in my motor oorkant die straat was, is ek geskakel deur die Algemeen Nederlandse Persbureaux, die Nederlandse Sapa om dit so te stel, wat meer wou weet oor die volksmoord-klagte. Ek was verstom, want ek het hulle nie in kennis gestel nie. Iemand het wel... By hulle, soos met al die ander internasionale media waarmee ek te doen gehad het, TV, radio, koerante, was die volksmoord-aangeleentheid hoog op die bespreking, en in geen enkele geval negatief nie, en dit is nie een keer selfs bevraagteken nie.

Dit het my verstom. Die gety in Europa het gedraai tot ons voordeel, sedert ek vyf jaar gelede laas daar was.

Ook in Suid-Afrika verander daar dinge. Laat ek bynoem dat ek beslis nie glo dat een swaeltjie ’n somer maak nie. Verlede week moes ek ’n radio-onderhoud doen met ’n swart radiostasie waarvan ek die naam van geen kant ken nie, en gevolglik net so vinnig vergeet het as wat ek dit gehoor het. Die aanbieder trek toe weg deur te sê dat die volksmoord teen die Afrikanerminderheid in die land nie netso kan voortgaan nie en dat iets gedoen moet word, en ons gesels nou daaroor. Daardie onderhoud was so positief, dat selfs Radio Pretoria se mense gaan sukkel om meer positief te wees as daardie swart omroeper. Van my ander kollegas by TLU SA het die laaste weke dieselfde ervarings by ander radiostasies en media-instellings gehad. Dis omtrent nog net die openbare uitsaaier, die SABC, wat His Master Zuma’s Voice is wat dit verswyg.

As ons hierdie sake so bekyk, en ek dink terug aan my EU-besoek en alles wat daarmee saamgegaan het, het ek dit duidelik vir myself uitgemaak. Volksmoord is ’n term en begrip wat in die wêreld verstaan word. Die wêreld het vir homself al uitgemaak dat daar volksmoord teen die Afrikaner plaasvind.

Die begrip volksmoord se kernbegrip is die begrip “volk”. Hier word nie gepraat van moffiemoord nie... ook nie van Christenmoord nie... ook nie van minderheidsmoord nie... ook nie van burgermoord nie... Alhoewel hulle almal ook sou kon deurgaan onder die term “groep”, word hier gepraat van volksmoord. “Volk” is geen vloekwoord meer nie. Skielik het Europa ook begin agterkom dat hulle eintlik volke is. Met die instroming van Moslems, Afrikane en ander wesens uit ander wêrelddele, het hulle ook begin besef dat hulle volksidentiteit bedreig word. Grensbeheer word strenger en vreemdelinge word geweer. Die Vlaamse “Eigen Volk Eerst”-slagspreuk, is by vele nie meer ‘n taboe nie, en dit word al harder as net ‘n fluistering genoem.

Daarom hoef ek nie meer tevrede te wees met die benaming “minderheid” nie. Iemand wat nog aan die afgewaterde fabel van “minderheidsregte” klou, is iemand wat nie namens my MAG praat nie. Ek is deel van ‘n volk en weier om afgegradeer te word na ‘n minderheid.

As ek erken dat ek ‘n minderheid is, moet ek dus die gesag van die meerderheid oor my aanvaar. Ek weier. Ek is ‘n volk, dalk ‘n klein volk, maar ‘n volk kan in sigself geen minderheid wees nie. ‘n Volk se regte weeg swaarder as ‘n minderheid se regte, omdat minderheidsregte ondergeskik staan aan die meerderheidsregte, meerderheidseise of meerderheidsarrogansie. Minderhede kan hoogstens uiteindelik handjie ophou en mooi vra vir iets, ‘n volk het internasionaal verworwe en erkende regte.

Dit bring my by ‘n gedagte wat ek aan die kongres wil laat vir oorweging, dalk eers vir moontlike bespreking en aanpassing by ‘n volgende kongres.

Die Herstigte Nasionale Party is in ons oë, en op grond van sy geskiedenis ‘n politieke party. In terme van die veranderde omgewing, is die HNP geen politieke party nie: ons is nie geregistreer by die *Independent Electoral Commission* nie. Ons neem nie aan verkiesings deel nie, omdat ons nie die stelsel legitimiteit kan gee enersyds nie, maar ook omdat verspilling is van kosbare tyd en geld, terwyl die stemme in wese al op etniese gronde getel is.

Wat is ons dus? Ons is dus ‘n politieke party wat ook geen politieke party is nie.

Het die tyd nie aangebreek om bepaalde strategiese en operasionele aanpassings te maak nie?

‘n Instansie soos Afriforum, uit die Solidariteitstal, dien hom aan as ‘n burgerregte-beweging. Ek het ‘n wesenlike probleem daarmee, want ook dit impliseer burgerskap van die ANC-Suid-Afrika, waarvan ek geen burger wil wees nie en tans net onder protes burger is, omdat FW de Klerk my teen my wil en sin daaraan uitgelewer het. Burgers moet gehoorsaam wees aan hulle regering, en die burgerregte-beweging dwing my tot onderhorigheid aan die klomp kommuniste. Al wat ‘n burgerregte-beweging uiteindelik sou kon doen, is om binne daardie vrot bedeling, sekere sake vir sy lede meer draaglik te maak – iets waarmee Afriforum wat my betref tot dusver misluk het.

Tog bedryf Afriforum niks anders nie as politiek nie. Dit wat hy doen, sou tradisioneel op die weg van ‘n politieke party lê. Hy bedryf egter binne-die-bestel-politiek, net soos die VF Plus. Ook geen wonder

nie, want byna die hele Solidariteit-Afriforum-leierskap kom maar vanuit die VF Plus.

Inmiddels is daar ‘n groeiende gevoel teen die partypolitiek onder ons mense. Daarom dat die VF Plus ook steeds slegter vaar by die stembus, en dat mense agter ‘n foefie soos Afriforum aanhol, kwansuis omdat dit geen politieke party is nie. Maar hy bedryf steeds politiek!

Moet die HNP nie oorweeg om die afkorting HNP, sy naam te maak nie. Dan is hy nie meer die Herstigte Nasionale Party nie, maar die HNP-Volksregtebeweging. Dit stel ons direk teenoor die binne-diebestel burgerregtebeweging en vestig ons as ‘n buite die bestel Volksregtebeweging. Die Afkorting HNP gee ook erkenning aan ons beginselvaste verlede, waaroor ons nie skaam is nie. Dit bied egter ‘n nuwe rigting aan, waarmee ons eintlik al besig is, en enige beweging kan enige tyd tot die politieke toetree as hy dit sou wou doen. Het u al opgelet dat die ANC steeds nooit ‘n politieke party is nie? Hy was ‘n sogenaamde vryheidsbeweging wat sommer so in die partypolitiek ingeskuif het.

So ‘n aanpassing, om die HNP as ‘n sterk volksbeweging te vestig en te bemark, kan diegene wat sku is oor ons dan ‘n politieke party is, motiveer om aan te sluit en deel te word van die vryheidsbeweging.

Voorsitter, myns insiens het ons nie veel beweegruimte behalwe so ‘n skuif nie. Ons klim gaandeweg hoër op in die kategorieë van Genocide Watch se waarskuwingsvlakke. Die volkskaalse openlike uitbarsting gaan kom.

Die Volksraad is inderdaad besig om ons volksvryheidsaak te dryf. Maar die Volksraad het geen infrastruktuur nie, en het daarom nie die vermoë om ons mense volksbewus te maak nie. Die HNP, as die draer van volksnasionalisme, is by uitstek daarvoor gerat met sy strukture. Maar ons strukture benodig dringend uitbreiding. As Volksregtebeweging, teenoor die afgewaterde en misleidende burgerregtebeweging, behoort ons weer geesdrif te kweek, ons basis te verbreed en vir die volk ‘n nuwe en sterke visie vir vryheid te gee. Want ek weet nie van u nie, maar ek wil geen burger wees van die ANC-bestel nie.Ek is geen minderheid in sy onderdrukkende stelsel nie. My bloed klop republikeins vry, want so is ek van kleins af in die HNP grootgemaak!

Die Afrikaner

admin@hnp.org.za Tel.: 079 752 4898

Redakteur: Mnr. Henk van de Graaf vandegraafhenk@gmail.com

Medewerkers: Mnr. Andries Breytenbach, Mnr. Hermanus van der Schyff, Mnr. Rudolf Buitendach, Mnr. Meinhard Peters, Mev. Alet Murray, Dr. Gideon Grobler

Uitleg en tegniese versorging: Mev. Juanita Powroznik

HUTTEN-BUCHDIENST

Posbus 70770, Die Wilgers, 0041
Vuurklipstraat 541, Die Wilgers

www.hutten.co.za **hutten.buchdienst@gmail.com**
072 229 2148

Vanaf die lessenaar van die Hoofsekretaris

Hermanus van der Schyff

Soos beloof gaan ek in hierdie aflewering voort met bespreking van hoofstukke uit mnr. Jaap Marais se boek, "Waarheid en werklikheid" wat in 1983 verskyn het.

"SOSIALE GELYKSTELLING"

"Die verandering wat die Kommunistiese Party wil hê, is gelykheid, ongeag ras en kleur, sodat die Blankes se politieke mag hom eindelik op grond van getalle ontneem kan word. Maar eers moet gelykstelling bewerk op ekonomiese en sosiale gebied ter voorbereiding van politieke gelykstelling deur die beleid van wegbeweeg van diskriminasie.

"Namate toegewings tot al hoe meer rassevermenging uit naam van 'verandering' gemaak word, word al hoe meer verwagtinge van gelykstelling van Blank en Nieblank by die Nieblankes gewek, en hoe hoër hulle verwagtinge styg, hoe vatbaarder is hulle vir agitasie tot uittarting van die gesag, tot wetsverbreking en staking en onlus en geweld, waardeur die samelewing en gedestabiliseer en 'n gunstige atmosfeer vir 'n rewolusie geskep word.

"Vroeër was onlus en geweld, soos Sharpeville, 'n episode. Sedertdien het dit 'n epidemie geword vanaf die onluste en geweldpleging in Soweto in Junie 1976 en die reekse toegewings wat die regering daarna gemaak het - oopstelling van restourante en sportklubs, die afskaffing van skeiding in poskantore en openbare geriewe, die afskaffing van apartheid op die arbeidsterrein, ens., ens.

"Op hierdie manier word die taak van die vyand vergemaklik omdat daar op grond van die onluste en stakings deur die vyand en sy meelopers aangevoer kan word dat die oorlog nie van buite veroorsaak is nie, maar deur 'n onregmatige binnelandse toestand, waarteen die bevolking in opstand is. Dit is 'n wesenstrek van die 80 persent nie-militêre oorlog. En hoe meer toegewings gemaak word, hoe groter is die erkenning van regeringskant dat die aanvallers gelyk het en hoe swakker word die morele basis om die aandrang op meer toegewings teen te staan.

"Die opvallendste en belangrikste aspek van die saak wat altyd in die oog gehou moet word is die gedurige aandrang op verandering uit sowel die regeringskringe as die kommunistiese kringe, en dat die "veranderings" wat deur die regering gemaak word, in hoofsaak met die kommunistiese eise saamval.

"Wat die ekonomiese gebied betref, wil hulle tyd hê om gelykstelling van Wit en Swart op die arbiedsterrein te bewerkstellig, soos blyk uit die gelykmaking van lone, afskaffing van werksreservaring, afskaffing van afsonderlike eet- en toiletgeriewe in fabrieke, winkels en kantore, erkenning van veelrassige swart vakbonde, ens.

"Dit is die ekonomiese 'oplossings' waarvoor die regering deur die militêre stryd wil wen en jong manne hulle lewens moet gee. Maar die Nasionale Party het self tot onlangs hierdie stappe geïdentifiseer as maatreëls waardeur die kommunisme bevorder sal word.

"In Februarie 1972 het mnr. Giel Reinecke, LPR en tans Adjunk-sekretaris van die Nasionale Party van Transvaal, in sy verkiesingsmanifes geskryf: 'Tussen die Kommuniste en die Blanke vakbond staan die Nasionale Party met 'n beleid van werkreservaring.' Dan sê hy dat, om werkreservering af te skaf, is 'die pad oopmaak vir kommunisme.' Hoe kan daar nou beweer word dat die Regering kommunisme beveg as hy juis dít doen wat hy sê die kommunisme bevorder?" ■

AfriSolar Supplies

Winkel 1, Bell Geddes Zone,
Braam Pretoriusstreet 321 (h/v Koraalboom),
Magalieskruin

* Solar-produkte
* Installasie van solar-sisteme

Axel Powroznik: 082 22 44 584
sales@afrisolarsupplies.co.za facebook: AfriSolar Supplies

WERDA GASTEHUIS
Upington akkommodasie

Perfek vir 'n blaaskans op pad na Namibië of Namakwaland. Ons bied billike selfsorg-akkommodasie vir enkelinge tot gesinne van 6. Alle kamers is toegerus met lugverkoeling, DStv, 'n klein kombuisie met yskas, mikrogolf en ketel. Eetgerei, linne en handdoeke word voorsien.

Normale prys: R400 vir 2 persone - spesiale afslag vir lesers van *Die Afrikaner.*

082 338 0934 / admin@werdakamers.co.za

Bou die toekoms met ’n duidelike visie vir ons volk

Perspektief

deur
Meinhard Peters



Ons dink aan die bekende Bybelwoord: ”My volk gaan ten gronde weens ’n gebrek aan kennis.” Hierdie waarskuwing hang saam met die gedagte dat ons volk net sy vryheid in ’n onafhanklike staat kan verwerf indien daar ’n duidelike visie is wat ons almal saam kan nastreef. ’n Visie vir dit wat ons in die toekoms wil bereik, is uiteraard gevestig op kennis van die beginsels wat ons wil verwesenlik en op kennis van die bepaalde omstandighede wat ons wil verander.

Wanneer ’n boer net van seisoen tot seisoen beplan, en nie dink aan sy ideale vir sy plaas oor vyf of tien jaar nie, sal hy belangrike sake uit die oog verloor. Sommige ideale kan net bereik word deur die oog op die horison te hou, om van vandag af te werk vir die resultate wat in die toekoms bereik moet word.

Die HNP het onlangs aan hierdie saak gewerk en het twee belangrike visiestellings opgestel. Die eerste handel oor hoe ons ons volk in die toekoms sien; en die tweede handel oor hoe ons ons eie organisasie in die toekoms sien. Dit is gepubliseer in Die Afrikaner van 5 Maart 2026. Dit is noodsaaklik dat ons die gedagtes en mikpunte wat daarin gestel word, in wyer kringe moet bespreek, anders bly dit dooie papier.

Ons het uit ons eie geskiedenis geleer wat die krag van ’n visie kan wees. Reeds in Van Riebeeck se gebed in 1652 word die saad geplant vir die toekoms van ons land. In Piet Retief se manifes lees ons van die ideale wat die Voortrekkers nagestreef het. In president Paul Kruger se laaste boodskap stel hy insgelyks ideale vir die toekoms daar, woorde wat ons vandag nog inspireer. Sonder inspirasie kan ’n volk geen vryheidstryd wen nie. ’n Visiestelling moet iets wees wat ons aangryp, wat rigting en koers bepaal vir elke dag se werksaamhede.

Ons was in die opstel van die twee visies baie bewus van die moderne mode om net pragtige woorde neer te skryf, mooi beloftes en voornemens wat nie werklik praktiese inhoud het nie. Daarom sal mens by die lees van die twee visies sien dat daar regtig spesifieke uitkomste is wat ons wil nastreef, sake wat ons as aktueel en dringend beskou. Daar was kommentaar dat hierdie visies gaan oor iets wat “daar ver” is. Dit is so dat sommige uitkomste ”daar ver” is, maar in die meeste gevalle bevat die visie ’n opdrag waarmee daar vandag reeds begin kan word. Lees dit maar eens goed deur.

Punte 1 tot 5 van die visie vir die Afrikanervolk is sake waaraan ons van vandag af kan aandag gee: Ons volk se weerbaarheid, die betrokkenheid van die jeug, ons geestelike weerbaarheid en ekonomiese selfstandigheid. Dit is nie sake wat “daar ver” is nie.

Diegene van ons wat die groot Afrikanerdebat oor die afgelope dertig jaar gevolg het, sal weet hoe ons volksgenote kan vasval in gesprekke oor wat “daar ver” is: die volkstaatideaal, politieke selfbeskikking, ’n eie land, watter grondgebied bevry moet word, en soortgelyke argumente. Intussen doen ons nie die werk wat voor die hand liggend is nie – daardie werk wat ons volk se nasionalisme moet versterk, wat ons vryheidsideaal lewendig hou, wat ons taal en kultuur suiwer moet hou. Een van die belangrike sake wat allerweë verwaarloos word is jeugsake. Sonder ‘n besielde geslag jong Afrikaners kan die volkstryd nie gewen word nie. Ons stryd is goed moontlik een wat oor geslagte sal strek; en daarvoor moet ons voorberei.

Dit is dus duidelik dat wanneer ons oor ’n visie vir ons volk, en oor ‘n visie vir die HNP sal praat, ons dit moet doen in terme van die vereistes vir die stryd. Die stelling van ’n visie is net die beginpunt. Daaruit moet harde werk volg. Strategiese doelstellings moet geformuleer word, en daaruit moet konkrete projekte volg waaraan Afrikaners kan werk, selfs van eerskomende Maandag af, om dit so dringend te stel. Te veel Afrikaners sit met gevoude hande. Hulle raak nie betrokke nie, omdat hulle nie regtig weet waar of hoe hulle ’n praktiese bydrae kan maak nie.

Dit is tog opvallend dat daardie organisasies wat praktiese projekte loods, wat mense betrek by sinvolle aksies (sy dit op taalgebied, in die onderwys, of in landelike beveiliging) wel daarin slaag om mense betrokke te kry. Daar is voorbeelde daarvan wat mens kan aanhaal. Die HNP het groot sukses behaal met ons projek vir Afrikaans vanaf 1994 deur die stigting van die GHA. Die GHA het selfs ’n aktiewe jeugbeweging opgelewer en het taalaksies geloods.

Om ons vryheid terug te wen moet ons ’n werkende volk bly. Elkeen moet op een of ander manier aktief betrokke wees. Dit is die hele doel van die twee visiestellings. ■

Staaltjies uit die HNP se Geskiedenis (2)

Jaap Marais se merkwaardige geheue

Deur Johan Wiesner

Dit is 1974. Dit is die tweede algemene verkiesing waaraan die HNP deelneem.

Ek en Maarten Pretorius is studente by RAU en die enigste 2 openlike HNP-ondersteuners. Waardeur ons natuurlik ons mede-studente se spot en hoon elke dag op ons trek.

As deel van die verkiesingstryd, nooi die studentepolitieke vereniging, Forum, elke paar dae sprekers van verskillende politieke partye om in die middagete-pouse hulle partye se standpunte te kom stel, en waar studente vrae aan hulle kan stel: Pik Botha van die NP, Sir De Villiers Graaff van die VP, Theo Gerdener van die destydse Demokratiese Party, en ook ‘n spreker (ek kan nie onthou wie nie) van die Progressiewe Party. En die HNP? Hulle word NIE uitgenooi nie; hulle kry GEEN geleentheid om hulle standpunt te stel nie! Die HNP word geïgnoreer. Tóé al, net soos vandag nog.

Ek en Maarten probeer met verskeie pogings om Forum so ver te kry om die HNP ook ‘n billike kans te gee. Maar met die flouste denkbare verskonings en jakkalsdraaie, weier Forum om aan die HNP ‘n spreekbeurt te gee. Dus vra ons twee ‘n onderhoud met die Studentedekaan aan om te vra dat die universiteitsowerheid Forum moet verplig om die HNP ook ‘n kans te gee. Die Dekaan is sigbaar ongemaklik, maar weier uiteindelik óók, onder die ylste denkbare verskoninkies, dat ‘n spreker van die HNP mag kom. Die universiteit kan glo nie sy lokale beskikbaar stel aan politieke partye nie, sê hy. Dit, nadat al die vorige sprekers van ander politieke partye, wél in die universiteit se lokale toegelaat is om húlle standpunte te stel!!!

Met al hierdie toutrekkery, kom die verkiesing intussen. En gaan. Die HNP kry NIE ‘n kans om sy standpunte te stel nie!

Net buite die RAU se terrein is Hoërskool Vorentoe geleë. Maarten en ek reël dus, sowat ‘n week ná die verkiesing, ‘n openbare vergadering dáár. Met oom Jaap Marais as spreker. Die RAU-owerhede, en Forum, kan niks doen om dit te keer nie! Dié aand is die saal tjok en blok gepak met studente. Aanvanklik is hulle maar redelik luidrugtig. Vanaand gaan lekker sports wees, dink hulle: hulle gaan van die HNP, en Jaap Marais lekker groot gekke maak. Dink hulle. Gelukkig het hulle, hierdie keer, darem nie vrot eiers en tamaties by hulle nie...

Oom Jaap begin praat. Hoe meer hy praat, hoe stiller raak die oproerige studente... Met elke tussenwerpsel, trap oom Jaap hulle tjank behóórliik af, sodat dié tussenwerpsels naderhand ook opdroog. En toe kom vraetyd. Koos Davel staan op. Koos is lekker opgewerk; hy is een van dié wat nog nie kalmeer het nie. Koos oorskat, siestog!!, so ‘n bietjie sy intelligensie, en sy politieke vermoëns. Teen Jaap Marais. Koos dink hy gaan darem nou ‘n gek van oom Jaap maak... En Koos vrá sy vra; een of ander totaal belaglike vraag aan oom Jaap. Oom Jaap luister geduldig en aandagtig, en toe trek hy los! Jaap Marais bombardeer vir Koos met sy antwoord! Hy vra teen-vrae aan Koos wat Koos nie kan antwoord nie. Hy maak vir Koos totaal belaglik, soveel só, dat Koos beteuterd gaan sit. Selfs sy mede-studente, wat alles behalwe pro-HNP is, lag hom openlik in sy gesig uit.

Nodeloos om te sê, waag niemand anders dit om verder vir Jaap Marais te probeer Koos Davel nie. Niemand wil ‘n tweede Koos word nie...

Ongeveer 18 maande verloop. Waarin oom Jaap hóéveel vergaderings, op hóéveel plekke, met hóéveel mense toespreek. Maar nou is dit nie meer verkiesingstyd nie. En die studente, en Koos, het die Vorentoe-vergadering nou al vergeet. Forum sien nóú kans om ‘n middaguur-byeenkoms te reël, waarin hulle vir Oom Jaap uitnooi om die HNP se standpunt oor een of ander onderwerp te kom stel. Oom Jaap is nóú goed genoeg om na geluister te word, want dis nie verkiesingstyd nie... Die saal is wéér uitgepak. Hierdie keer nogal, IN een van die universiteit se lokale. Koos Davel is daar. Wéér... Maar Koos het skynbaar nie laas sy les geleer dat jy nie met Jaap Marais swaarde kruis nie; dat jy nie moet probeer politieke kragte meet met hom nie, want jy gaan sleg tweede kom...

Vraetyd kom. Koos staan sowaar wéér op. En wéér vra hy ‘n simpel vraag. Oom Jaap luister geduldig. Wéér. En toe: “Meneer die voorsitter, ek is só jammer om te sien dat hierdie vriend nie daardie aand in Hoërskool Vorentoe se vergadering te kenne

gegee het dat hy nie my antwoord verstaan het nie... So, laat ek weer verduidelik...” En hierdie keer maak oom Jaap nog ‘n groter gek van Koos, en vernietig hy hom polities algeheel. Hierdie keer lag die studente nie. Hulle snak na hulle asems...

Oom Jaap het, selfs na verloop van al hierdie tyd, vir Koos onthou, die geleentheid, die vraag wat Koos in Vorentoe vir hom gevra het, EN wat hy wat oom Jaap is, geantwoord het!!! Is dit moontlik? Selfs ek is totaal oorbluf oor hóé skerp oom Jaap se geheue is!!

Maar, verstaan ek opeens, tóé al, wáárom geen politieke opponent ooit kans wou sien om Jaap Marais se uitdagings aan hulle, om op dieselfde politieke verhoog saam met hom te verskyn, te aanvaar nie: hulle kón dit nie durf waag nie...

Ek weet nie of Koos ooit daarna weer ‘n vergadering van oom Jaap bygewoon het nie. En of hy dit ooit weer gewaag het om oom Jaap te probeer konfronteer nie...

Lesers sê hul sê

vandegraafhenk@gmail.com

Lesers is welkom om kort briewe en menings te stuur aan vandegraafhenk@gmail.com vir publikasie in *Die Afrikaner*.

Die redaksie behou ten alle tye die reg voor om briewe te plaas of nie te plaas nie, of om briewe te verkort en taalkundig te versorg.
Briewe met ’n lasterlike of kwetsende inhoud sal nie vir publikasie in aanmerking kom nie. *(Red.)*

31 Mei verootmoediging in Bloemfontein

Laat ons dit nou maar aan mekaar erken: Die “Boervolk” van Suid Afrika is diep in die moeilikheid. As volk het ons “alles” in die bestek van 32 jaar verloor. Die sataniese einddoel egter, is om Geloftevolk van ons Christelik-kulturele herkoms te vervreem. Oor enkele dekades heen is die nageslag, en die ouers van more, in staatskole omvorm tot kulturele vreemdelinge. ‘n Nuwe prioriteit van die regering van ons dag is om beheer te neem oor ons Godsdiens beoefening deur wetgewing. Die Moslem-gevaar raak ‘n al groter bedreiging vir die Christene in Suid Afrika, sou die laaste bastion vir Geloftevolk ook nou in duie stort.

“Waar is God dan?” kom die noodkreet uiteindelik. “In jou Bybel” kerm die gewete.

2 Kron. 7:14 gee die antwoord: “AS MY VOLK OOR WIE MY NAAM UITGEROEP IS hulle verootmoedig en bid en My aangesig soek en hul bekeer van hul verkeerde weë, dan sal Ek uit die hemel hoor en hulle sondes vergewe en hul LAND GENEES.” (let op die kollektief)

Op Sondag 31 Mei (Republiekdag) verootmoedig die APK gemeentes Bainsvlei en Bloemfontein-Noord gesamentlik in die Noord kerk. Die Kerkrade van beide gemeentes nooi elke lid van die Boervolk uit na hierdie grootse geleentheid. Kom ons gaan roep na ons hemelse Redder!!

Aan die gemeentes: WhatsApp hierdie boodskap asb. na elke volksgenoot op jou lys. Ook Gereformeerde lidmate buite die APK. Vra hulle om dieselfde te doen.

Navrae: Willem Etsebeth
Sel. 084 584 8701
etsebethw@gmail.com

BRITSE PROPAGANDA TYDENS DIE ANGLO-BOEREOORLOG — *WITH THE FLAG TO PRETORIA*

Prof. Fransjohan Pretorius

Hier bekyk ons ‘n populêre tydskrif wat die Britse bevolking tydens die Anglo-Boereoorlog met trots moes vervul. Die weeklikse uitgawes is uiteindelik in vier volumes gepubliseer, waarvan die eerste twee *With the Flag to Pretoria* genoem is.

Binne ‘n paar hoofstukke was my mandjie vol Britse propaganda. Selle ou storie: aantreklik verpakte waarhede, halwe waarhede en blatante leuens.

'n Mens moet die Britse imperiale wêreld van 1899 begryp. Brittanje het sy politieke en kulturele invloed oor die aardbol versprei — dit wat "goed" sou wees vir die nasies, mense wat dankbaar behoort te wees vir die lig wat aan hulle gebring word.

Uiteraard word die oorsake van die oorlog vanuit 'n Britse perspektief geteken. Die Boereregerings was “plotters against the British Empire”. Sommer onmiddellik lees ons die Britte “had watched with apprehension the enormous armaments of the Transvaal". Die waarheid is egter dat die Jameson-inval van 1896 geopenbaar het dat die Zuid-Afrikaansche Republiek ‘n ernstige tekort aan wapens gehad het, en dat hulle dit met stewige bewapening reggestel het om die verwagte Britse bedreiging die hoof te bied.

Daar is lekker leuens oor die getal vegtendes. Volgens die tydskrif was Boeregetalle by Modderspruit en Nicholsonsnek 20 000. Die werklike getal was 7 500.

Die Boerekrygers word stereotipies uitgebeeld. Hulle is “savages” wat "in many instances" gewonde Britse soldate by Elandslaagte doodgeskiet het. Dis nie vir ons duidelik hoe Boere wat van die slagveld van Elandslaagte gevlug het, gewonde Britse soldate kon doodskiet nie — tydens ‘n geveg kyk jy ook nie of die vyand al gewond is nie. Die Boerekrygers is van nature “treacherous” wat gereeld die wit vlag misbruik — in werklikheid ‘n situasie wat deur albei strydende partye misbruik is.

Oorlogskunstenaars is ingespan om intieme oomblikke in die Britse voorkamer te bring en moraal te bou. Sommer teenoor die titelbladsy is daar 'n skildery deur S. Begg van koningin Victoria wat gewonde soldate besoek. Verderaan skilder Begg vir Victoria wat die vroue en kinders van soldate van die *Household Cavalry by Windsor* ontvang.

Ander intieme oomblikke wat die hartsnare vir die Empire moet roer, is byvoorbeeld skilderye van ‘n soldaat se afskeid van sy vrou ("The last embrace"), en die ontvangs deur 'n eggenote van die doodstyding uit Suid-Afrika ("The fatal telegram: Killed in action").

Heldedade word aan die groot klok gehang. Kapt. Percy Scott word tereg geprys vir sy omskepping van skeepskanonne vir die slagveld om die Boere se langafstand-Long Tom-kanonne te troef. Veel word gemaak van die 14-jarige beuelblasertjie John Dunne wat by Colenso ernstig gewond is en sy beuel verloor het, waarop Victoria persoonlik ‘n ander beuel aan hom geskenk het.

En tog kritiseer die tydskrif Britse militêre optredes, soos die versuim om burgerlikes betyds uit Ladysmith te verwyder — “the lamentable want of foresight which characterised all our operations”. En die verrassing dat Britse krygsgevangenes by Chieveley “were treated with extreme kindness”. Of die byskrif by die foto van ‘n ontslape kmdt.genl. Piet Joubert (miskien omdat hy Paul Kruger se opponent in die presidentsverkiesings was) wat lui: “Our gallant foeman.” Toegedraai in ‘n Empire-pakket lyk die teks en illustrasies onskuldig. Maar waar die Boereleiers soms militêre feite verdraai het, swymel die Britse propaganda oor die wonderlike Empire en veroordeel dit die veragtelike Boere.

[Uit: *Terugblik — 80 sketse van ons verlede* deur Fransjohan Pretorius. Protea Boekhuis, Pretoria (nuwe naam Aristata Boekwinkels). Met goedgunstige toestemming van die outeur].

Woord en wêreld

Effektiewe Gebed 1

Deur Dr. Gideon Grobler

Skrifgedeelte: Markus 11:21-26 *En Petrus het onthou en vir Hom gesê: Rabbi, kyk, die vyeboom wat U vervloek het, is verdroog.*

22 *Jesus antwoord en sê vir hulle: Julle moet geloof in God hê.*

23 *Want, voorwaar Ek sê vir julle dat elkeen wat vir hierdie berg sê: Hef jou op en werp jou in die see — en nie in sy hart twyfel nie, maar glo dat wat hy sê, sal gebeur — hy sal verkry net wat hy sê.*

24 *Daarom sê Ek vir julle: Alles wat julle in die gebed vra, glo dat julle dit sal ontvang, en julle sal dit verkry.*

25 *En wanneer julle staan en bid, vergeef as julle iets teen iemand het, sodat julle Vader wat in die hemele is, ook julle jul oortredinge mag vergewe.*

26 *Maar as julle nie vergewe nie, sal julle Vader wat in die hemele is, ook julle oortredinge nie vergewe nie.*

Oordenking: So die Here wil, wil ons in die volgende paar oordenkings aan gebed aandag gee. Vir dié doel plaas ek die hele bogenoemde Skrifgedeelte.

In hierdie gedeelte is daar ‘n paar, afhangende hoe jy daarna kyk, vyf of ses onderwerpe wat aan die een gesamentlike tema, gebed, haak.

Dit is die Woensdag van die laaste week van Jesus se bediening voor sy kruisiging.

Op Maandag het hy die stad Jerusalem ingekom met hossannas, palmtakke en klere voor Hom uit gegooi. Dinsdag lees ons van die reiniging van die tempel. Donderdag lees ons van die laaste Pasga wat ook die eerste nagmaal word. Vrydag sy kruisiging en Sondag (eerste dag) sy opstanding.

Jesus is die afgelope weke besig met ernstige onderrig van die dissipels en in dié gedeelte, oor gebed in die besonder.

Die dissipels het in hul grootword tyd beslis leer bid in die Sinagoge lewe. Hulle het ‘n reeks gebede wat op bepaalde tye herhaal word. Tydens hulle lewe met Jesus, die afgelope drie jaar het hulle nie net geleer om afstand te doen van menslik ingestelde rituele nie, maar kan ons aanvaar dat gebed as sódanig, nie hoog op hul agenda was nie. Jesus is dan by hulle. Hulle het nie nodig om tot Hom te bid nie. Hulle kan Hom letterlik by die arm neem en vra wat hulle nodig het. So het Hy aan hulle beskerming verleen teen die natuur, voedsel wanneer hulle honger was en nog ander voorbeelde.

Binnekort gaan Jesus nie meer daar wees nie en gaan hulle moet leer om tot Hom te bid, al kan hulle Hom nie sien of aan Hom vat nie. Hulle gaan moet leer dat gebed werk soos vir u en my!

In die bogenoemde gedeelte is daar die eienskappe vir effektiewe gebed. In ons laaste bydrae oor gebed sal ons ook sien hoe effektief hulle dit geleer, toegepas het en die resultate daarvan.

(Word vervolg)

Gebed: *Hemelse Vader, gee ons asseblief die nodige oortuiging uit die historiese dade.* **Amen**

Buiteland

Franse generaal nie beïndruk met Trump

Die Franse generaal, Michel Yakovleff, het onlangs die aansluiting by Trump se Iran-oorlog vergelyk met die "koop van goedkoop kaartjies vir die Titanic" nadat dit reeds die ysberg getref het.

Yakovleff is 'n driester-generaal, voormalige bevelvoerder van die legendariese Franse Vreemdelinge Legioen, en het senior posisies binne NAVO self beklee. Hy is een van die mees gerespekteerde militêre stemme in Frankryk en lewer gereeld kommentaar oor sake van internasionale veiligheid.

Toe hy dus gevra is oor Trump se desperate pleidooie dat Europa by sy Iran-oorlog moet aansluit, het sy antwoord ernstige gewig gedra.

Hy het in ondubbelsinnige taal vyf verskillende redes uitgelig waarom elke Europese nasie botweg moet weier.

Eerstens, sê hy, verstaan Trump nie hoe NAVO eintlik werk nie. Jy kry nie die geleentheid om jou eie eensydige bomaanvalveldtog te loods en dan bondgenote uit te nooi om 'n aparte operasie onder jou uit te voer nie. Dis nie hoe alliansies funksioneer nie.

As Trump NAVO betrokke wil hê, neem NAVO die bevel. Een operasie, een vlag, een bevelsketting. "Ek dink nie hy het dit verstaan nie," het Yakovleff gesê.

Tweedens, niemand weet wat die werklike strategiese doelwitte is nie. Behalwe om die Straat van Hormuz oop te dwing, wat is die eindspel? Regimeverandering? Inperking? 'n Onderhandelde skikking? Trump het dit nie gesê nie. Hy kan blykbaar nie sê nie, want hy weet dit self nie.

Derdens, en hierdie een is besonder brutaal, kan jy nie 'n multinasionale militêre veldtog koördineer deur twiets wat elke twee minute verander nie. As geallieerde nasies hul soldate in gevaar gaan stel, benodig hulle eksplisiete, geskrewe doelwitte van die Verenigde State. Soos Yakovleff dit gestel het: "Dit gaan nodig wees vir Trump self om te weet wat hy wil hê."

Vierdens, daar is die fundamentele kwessie van vertroue. Trump het al voorheen bondgenote verlaat en almal weet hy sou dit weer sonder aarseling doen die oomblik as dit polities nuttig word. Die Koerde weet dit. Die Afghane weet dit. Europa weet dit. "Hy sou ons teleurstel wanneer dit hom pas," het die generaal gesê. Waarom sou enige nasie troepe op die spel plaas vir 'n leier met daardie rekord?

En vyfdens, sy “uitklophou”. Yakovleff het 'n beginsel aangehaal wat hy gesê het hy by die Amerikaanse Leër se Oorlogskollege geleer het: "Jy versterk nie mislukking nie. Jy beweeg aan. Jy vind iets anders."

Die wêreldwye reaksie was nie wat Trump wou gehad het nie: Japan het nee gesê; Australië het nee gesê; Die Verenigde Koninkryk het aanvanklik nee gesê. Die Europese Unie het nee gesê. Intussen het Iranse missiele en hommeltuie die Straat van Hormuz so gevaarlik gemaak dat versekeringsmaatskappye nie olietenkskepe wat daardeur vaar, sal dek nie.

Twintig persent van die wêreld se petroleum vloei normaalweg deur daardie seestraat. Oliepryse styg die hoogte in en verbruikers oral voel dit.

Trump het dit begin. Hy het dit geëskaleer. Hy het Amerika in die proses van sy bondgenote geïsoleer, meen Yakovlef.

Trump kry groenlig vir grensbeheer

Terwyl Demokrate histories vir sagter benadering tot grensbeheer geveg het, sê 53% van geregistreerde kiesers nou dat hulle die werk wat die Trump-administrasie doen met grensbeveiliging goedkeur.

Terwyl president Donald Trump voortgaan met sy strewe om die nasie te beveilig deur streng grensbeheer, toon 'n nuwe *NBC News*-opname dat Amerikaanse kiesers standpunte oor die afdwinging van immigrasiewette inneem wat strydig is met wat die hoofstroommedia aan die publiek probeer opdis.

Die peiling, uitgevoer deur *Hart Research Associates* en *Public Opinion Strategies*, toon dat wanneer

dit by grensbeveiliging kom, kiesers die Republikeinse Party bo die Demokratiese Party verkies met 'n verstommende voorsprong van 27 punte.

Die Amerikaanse volk het meer vertroue in die agentskap wat die grens beskerm as in die party wat dit konsekwent ondermyn het.

Die opname is tussen 27 Februarie en 3 Maart 2026 uitgevoer. Dit het onderhoude met 1 000 geregistreerde kiesers ingesluit, met 620 respondente wat per selfoon bereik is en 309 wat deur 'n aanlyn opname per SMS gestuur is. Die resultate, wat 'n foutmarge van ±3,10% het, toon 'n groeiende verdeeldheid.

Die peiling het ook skokkende nuus vir die Demokratiese Party. Volgens die opname het 38% van kiesers 'n positiewe siening van Immigrasie en Doeane-optrede. Ter vergelyking het slegs 30% van kiesers 'n positiewe siening van die Demokratiese Party. Hierdie agtpunt-gaping dui daarop dat die Amerikaanse volk, ten spyte van radikale "Skaf ICE af"-retoriek van die linkses, meer vertroue het in dié agentskap wat die grens beskerm as in die party wat dit konsekwent ondermyn het.

In 'n plasing op X het Jonathan Turley, 'n regsontleder van *Fox News*, opgemerk: "[Die Demokratiese Party] het Iran skaars in gewildheid verbygesteek.Terwyl Demokrate lughawens tydens piek-lentevakansiereise na 'n sluiting stoot, kan hulle binnekort nie net teen Iran verloor nie, maar ook teen Ebola in toekomstige verkiesings."

Republikeine het hul grootste kwessie-gebaseerde voordeel op die grens, wat die 22-punt-voorsprong wat hulle oor die kwessie van misdaad het, ver oortref. Intussen loop die Demokratiese Party aansienlik agter op hierdie dringende veiligheidskwessies.

Terwyl 50% van kiesers sê hulle verkies 'n Demokraties-beheerde Kongres, ondersteun hulle terselfdertyd die Trump-administrasie se ferm standpunt oor die Amerikaanse grens- en immigrasie-afdwinging.

Regse RN wen veld in plaaslike regeringsverkiesings

Die Franse munisipale verkiesings van 15 en 22 Maart 2026 het in ongeveer 34 000 Franse gemeentes plaasgevind om plaaslike rade en burgemeesters te kies — dit is ’n groot opset wat gewoonlik ’n goeie aanduiding gee van politieke tendense voor ’n nasionale verkiesing, soos die presidensiële verkiesing van 2027.

Die opkoms was relatief laag vir ’n plaaslike verkiesing — ongeveer 48%, wat aandui dat baie kiesers minder betrokke is by plaaslike politiek.

Rassemblement National (RN) van Marine le Pen het sy plaaslike basis sterk uitgebrei veral in kleiner dorpe met meer raadslede en burgemeesters in soveel as 70 plaaslike owerhede — heelwat meer as vier jaar gelede. Dit is die grootste vordering van dié party ooit op plaaslike vlak, en in sommige gebiede, veral in suidelike en noordoos Frankryk, staan RN sterk.

RN het nie die beheer oor ’n groot stad soos Marseille of Toulon gewen nie — ongelukkig vir die party het dit daar verlore gegaan aan gevestigde gematigdes en linkse koalisies.

In Parys is RN heeltemal uitgesluit van die bestuur, waar ’n sosialistiese koalisie gewen het.

Daar is egter ‘n uitsondering in Nice waar ’n voormalige konserwatiewe leier wat nou met RN verbind is, ’n groot oorwinning behaal — ’n noemenswaardige wins vir die regs blok.

In Parys het die ver-linkse Emmanuel Grégoire, wat die Sosialiste, Groenes en Kommuniste verteenwoordig, gewen, wat toon dat die linkse blok steeds sterk is in die hoofstad.

Dit is die patroon in omtrent al die groot stede in Europa waar die vreemdelinge meer geword het as die etniese burgers, en nou met hulle stemreg die karakter van die stede verander.

Die hoof konserwatiewe party, Les Républicains, behaal ook goeie plaaslike resultate in kleiner tot middelgroot stadsrade.

RN se plaaslike groei gee die party ’n sterk grondslag in streekpolitiek, wat hulle doeltreffend kan gebruik vir mobilisering voor die volgende verkiesing in 2027.

Intussen skryf die Vlaamse politieke analis, Roeland van Walleghem, of sosiale media die volgende interessante brokkie: “36 jaar na gruwelike manipulasie, 'n RN-burgemeester in Carpentras

“36 jaar na die voorval verkies die inwoners van Carpentras 'n RN-burgemeester, wat deur sommige as 'n simboliese afrekening met die verlede beskou word.

“Vir diegene wat vergeet het of te jonk is: in 1990 het die Provençaalse dorp Carpentras wêreldnuus gehaal na 'n verskriklike ontheiliging van 'n graf by die Joodse begraafplaas. Op 10 Mei het twee vroue ontdek dat 34 grafte gevandaliseer is. Die liggaam van die onlangs oorlede Félix Germon is uit sy kis verwyder en erg vermink (vas aan 'n paal) gelaat. Selfs vir die veiligheidsdienste was die toneel ondraaglik.

“Carpentras het 'n lang Joodse geskiedenis en huisves onder andere die oudste sinagoge in Frankryk. Baie vinnig, sonder bewyse, is die skuld op die Front National en Jean-Marie Le Pen gewys. Politici en die media het gepraat van rassistiese gruweldade, wat tot wydverspreide verontwaardiging en massiewe protesoptogte gelei het. President François Mitterrand het selfs aan 'n demonstrasie in Parys deelgeneem, iets ongekends destyds.

“Toe die skuldiges uiteindelik geïdentifiseer is, het dit geblyk dat daar geen verband met die Front Nasionaal was nie. Daarna het dinge merkwaardig stil gebly.

“Vandag, 36 jaar later, het geregtigheid geskied.”

19-jarige regse burgemeester in Frankryk

Dit is nogal merkwaardig: in die Vosges is 'n burgemeester van skaars 19 jaar oud verkies in die munisipaliteit Nomexy (2 000 inwoners). Yann Traiteur, kandidaat vir die Rassemblement National (RN), het net meer as die helfte van die stemme gekry en sodoende die huidige burgemeester verslaan.

Met sy oorwinning maak hy ook geskiedenis, aangesien dit die eerste keer is dat die RN 'n burgemeesterspos daar wen.

Hy is nog baie jonk, maar laat reeds sy stem hoor, beide plaaslik en verder. Sy verkiesing staan uit, nie net vanweë sy ouderdom nie, maar ook omdat dit 'n politieke deurbraak vir die munisipaliteit verteenwoordig.

Nederland hou ook plaaslike regeringsverkiesings

Die Nederlandse plaaslike regeringsverkiesings (gemeenteraadsverkiezingen) van 2026 het op 18 Maart 2026 plaasgevind en het die samestelling van munisipale rade vir die volgende vier jaar bepaal.

Anders as in Frankryk, het nasionale politieke partye nie te wonderlik gevaar nie, maar het plaaslike partye grootliks veld gewen. En die grootste “wenner” landwyd was weer plaaslike (onafhanklike) partye. Hulle het ongeveer ’n derde van alle stemme en raadsetels behaal (meer as in 2022). Dit bevestig ’n langer tendens in Nederland: kiesers vertrou plaaslike lyste meer as nasionale partye vir munisipale sake. Met ander woorde: politiek op plaaslike vlak raak al hoe minder “Den Haag-gedrewe”.

Partye soos GroenLinks–PvdA, SP en ChristenUnie het verliese gely. Ander gevestigde partye soos VVD en CDA het in baie plekke ook nie groot winste gemaak nie.

In stede lyk dit egter anders, en is ‘n tipiese Nederlandse tendens. Die parlementêre hoofstad, Den Haag, is ’n goeie voorbeeld. Die plaaslike party, Hart voor Den Haag, het groot gewen. Hulle het met sewe setels tot 16 setels gegroei en die grootste party geword. VVD het sterk verloor, terwyl middelpartye soos D66 min of meer stabiel gebly het.

In meeste munisipaliteite is daar geen duidelike meerderheid nie, wat beteken dat koalisies van drie tot vyf of selfs meer partye, gevorm moet word. Dit beteken lang onderhandelings, baie kompromieë en soms onstabiele plaaslike regerings. ■

Kyk wie vry na mekaar

Skaars ‘n jaar nadat JuliAss Malema nog vir staatskaper Zuma die EFF se grootste vyand verklaar het, kuier die twee snoesig saam.

JuliAss se tante is dood en toe het Jacob besluit om te gaan simpatie betuig.

Sarel kry die gevoel dat daar min meegevoel was, maar meer van ‘n rewolusionêre opswepery teen Blankes. Hy het ‘n oproep gedoen dat swart partye moet saamstaan teen die ekonomiese onderdrukking wat Swartmense steeds ervaar. Hy sê Swartmense ly soos hulle gely het.

JuliAss het saamgestem met Zuma, dus lyk dit of die twee vyande mekaar begin paai en dalk een of ander tyd in dieselfde politieke bed gaan klim. Die groot vraag gaan wees wie gaan die leier wees?

Jacob se ego is nog maar broos nadat hy uit sy leiersposisie gedruk is deur Ramapokker, en nou is hy darem weer leier van ‘n redelike groot party. Maar hy is 83 jaar oud, en dit sal seker JuliAss se motivering wees om homself as leier na vore te druk, al is hy deesdae so maer dat daar vrae oor sy gesondheid gevra word. En beide is berug daarvoor dat hulle links en regs mense uit hulle partye skors. So dit sal interessant wees om te sien wie skors vir wie eerste?

• *Maar **Sarel** wonder net wat sou gebeur as iemand ‘n beroep doen dat alle Witmense en wit politieke partye (daar is eintlik net een, naamlik die HNP) saamstaan teen die swart onderdrukkers. Kyk dan maar na die waansinnige reaksie van die hoofstroommedia, ondersteun deur sogenaamde “politieke kenners en kommentators” wat “rassisme” sou skree...*

Soustrein word weggesteek

Die parlement is nie ‘n besonder deursigtige instansie nie. Veral nie as dit kom by sy amptenare se vergoeding nie.

So is daar baie onbeantwoorde vrae oor die sekretaris van die parlement, Xolile George, se werklike vergoedingspaket. Al wat op hierdie stadium redelik seker is, is dat hy R5 miljoen per jaar kry, teenoor Ramapokker se “slegs” R3,4 miljoen. Die parlement se *speaker* kry ook “maar net” R3,16 miljoen.

Waar die nie-deursigtigheid nou inkom, is dat die parlement nie verder wil uitwei oor die byvoordele nie. Skynbaar kry hy nog bepaalde toelaes wat nie ingereken is by die R5 miljoen pakket nie.

• *Wat gebeur nog op die soustrein waarvan ons nie weet nie?*

Alweer Ou Jan

So is Sharpevilledag weer herdenk onder die naam “Menseregtedag”. Natuurlik word niks gesê oor wat die dag by Sharpeville gebeur het nie toe etlike duisende die swak bemande polisiekantoor gestorm het en die polisie uit selfverdediging moes skiet.

Natuurlik het die destydse ANC-terroriste en Kommuniste dit gebruik om aan die wêreld se groot klok te hang, en te wys hoe “wreed daar teen die arme swartes opgetree word.” Natuurlik is hulle eie uitlokking nie ook vertel nie. Hulle doen mos nooit iets verkeerd nie. Dis altyd iemand anders wat verkeerd is. Soos Jan van Riebeeck.

In sy Menseregtedag toespraak op Kimberley het Ramapokker natuurlik weer wyd en syd geteem oor die nalatenskap van apartheid, en dit enkele dae nadat hy weer gesê het alles in die land is verkeerd danksy Jan van Riebeeck wat net hierheen gekom het om die land te stroop.

• *Die meegaande prentjie wat op sosiale media die rondte doen, sê meer as enige kommentaar wat **Sarel** sou kon uitdink!*

Sanral se stille onteiening

Sarel het onlangs die stigting van ‘n nuwe landbou-vereniging, Landbou Aktief, in Pietersburg bygewoon. Hulle sê hulle wil dinge anders doen en boere meer aktief bystaan met hulle probleme op grondvlak.

LANDBOU AKTIEF
AGRIACTIVE
Regte - Beskerming - Landbou
Rights - Protection - Agriculture
Landbou met ’n toekoms. • Agriculture with a future.
Proelio Procusi

Skaars gestig, of hulle is sowaar aktief aan die gang.

Hulle stuur toe die onderstaande stuk uit, wat **Sarel** onveranderd gaan plaas:

WAARSKUWING AAN ALLE BOERE EN GRONDEIENAARS

’n Stil beleidsverandering deur SANRAL kan ’n groot impak hê op jou grond, jou besigheid en jou toekoms.

Die nuwe voorgestelde RSF-beleid gee SANRAL die mag om nie net paaie te bestuur nie — maar ook om te besluit wat op privaatgrond langs nasionale paaie mag gebeur.

Dit raak:
- Plaasstalletjies
- Vulstasies
- Toerisme-ondernemings
- EV (elektriese voertuig) laaistasies
- En enige besigheid langs ’n nasionale pad

⚠ WAT IS DIE GROOT PROBLEEM?

1. SANRAL kry sê oor privaat grond
   Selfs tot 500m van ’n kruising af.
2. Jy kan NIE net munisipale goedkeuring hê nie.
   Jy sal ook SANRAL se toestemming nodig hê.
3. Hulle kan bepaal waar besighede mag wees
   En selfs hoe naby of ver van mekaar.
4. Nuwe heffings en fooie wat klein boere en entrepreneurs gaan raak.
5. SANRAL kan self deelneem aan projekte.
   Terwyl hulle ook die goedkeurings gee – dit is ’n ernstige botsing van belange.

Met ander woorde:

Meer beheer.
Meer burokrasie.
Minder vryheid.

Dit kan:
- Beleggings stop
- Landelike ontwikkeling vertraag
- Klein besighede druk
- En die toekoms van nuwe energie projekte kniehalter

ONS HET DIT AL VOORHEEN GEDOEN

- Ons het e-tolls gestop.
- Ons het saamgestaan teen onregverdige beleid.

Nou moet ons **WEER** saamstaan.

• *Goeie werk, Landbou Aktief. Hierdie klink vir **Sarel** na ‘n nuwe, sagter, sluwe manier van onteiening sonder vergoeding.*



Kommentaar

(Van bladsy 2)

ekonomie enorme skade aandoen. Dink maar aan die Amerikaanse resident se boete-heffings op Suid-Afrikaanse goedere. Dit was onnodig as Ramaphosa neutraal gebly het. Maar die koalisievennote doen nie baie moeite om dit te verander nie. Daar was ‘n dreigement om uit die koalisieregering te stap as die BTW verhoog sou word, maar Trump se boete-heffings, wat baie meer skade doen as ‘n BTW-verhoging, word aanvaar. Dit is ‘n skandaal op sy eie.

Kyk net hoe word Amerika verder uitgetart: Ramaphosa is nie haastig om ‘n nuwe ambassadeur na Amerika te stuur nie nadat die vorige een soos ‘n misdadiger weggejaag is. Die nuwe Amerikaanse ambassadeur kry die koue skouer van die Suid-Afrikaanse regering. Wat kan ons nog meer verwag wat kan gebeur as gevolg van die stomme besluite van die regering, en die nog meer verstommende aanvaarding van die koalisievennote?

Dan het ons nog nie geraak aan al die vorige skandale nie, wat net kom en gaan sonder gevolge.

Sedert 1994 was die ANC, en veral die veroordeelde Nelson Mandela, die liefling van die wêreld omdat hulle kwansuis “apartheid beëindig en demokrasie gebring het”. Drie dekades later word daardie beeld egter oorskadu deur ’n opeenhoping van skandale, bestuursmislukkings en groeiende openbare ontnugtering.

Seker een van die grootste skandale van die ANC se resente geskiedenis is die verskynsel van staatskaping. Die invloed van die Gupta-familie op sleutel staatsinstellings het ’n keerpunt in die openbare bewussyn verteenwoordig. Onder die presidentskap van Jacob Zuma is staatsentiteite soos Eskom en Transnet sistematies uitgehol deur korrupsie, politieke inmenging en wanbestuur.

Die bevindings van die Zondo-kommissie het ’n ontstellende prentjie geskets: staatsinstellings is doelbewus gemanipuleer om private belange te dien, met beperkte aanspreeklikheid vir diegene wat betrokke was. Dit het nie net die staat se kapasiteit verswak nie, maar ook die publiek se vertroue ernstig geskaad.

Hoewel staatskaping as ’n hoogtepunt beskou kan word, is dit geensins ’n alleenstaande verskynsel nie. Van die vroeë Wapentransaksie skandaal tot meer onlangse gebeure soos die “Digital Vibes” skandaal en die VBS Bank skandaal, herhaal dieselfde patrone hulself: gebrekkige toesig, politieke beskerming en die misbruik van publieke fondse.

Hierdie skandale het nie in isolasie plaasgevind nie. Inteendeel, dit dui op ’n sistemiese probleem waarin korrupsie nie die uitsondering is nie, maar dikwels as deel van die politieke kultuur beskou word.

Vir die gemiddelde Suid-Afrikaner is die mees tasbare gevolg van hierdie bestuurskrisis die verval van basiese dienslewering. Die kragkrisis by Eskom het beurtkrag tot ’n daaglikse realiteit gemaak, met verreikende ekonomiese gevolge. Terselfdertyd verkeer spoorvervoer onder PRASA in ’n toestand van verval, en talle munisipaliteite sukkel om selfs basiese dienste soos water en sanitasie te lewer.

Hierdie probleme kan nie bloot aan tegniese uitdagings toegeskryf word nie. Hulle is dikwels die direkte gevolg van swak bestuur, korrupsie en kaderontplooiing — ’n beleid wat lojaliteit bo kundigheid stel. En dan verklaar Beide Ramaphosa as sy adjunk, Paul Mashatile dat swart ekonomiese bevoordeling (BEE) gekom het om te bly.

Ramaphosa, wat aanvanklik as die ridder op die wit perd uit die sakewêreld voorgehou is, het geblyk dat hy geen politieke ruggraat het nie, nie besluite kan of wil neem nie en boonop self bevraagteken word na aanleiding van die hele Phala Phala skandaal, wat steeds nie opgelos is nie en telkens onder die mat ingevee word.

Suid-Afrika bevind hom moontlik op ’n historiese keerpunt. Die ANC bly ’n sentrale rolspeler, maar sy morele en politieke gesag is nie meer onaantasbaar nie. Dit skep geleenthede vir Afrikaners wat ontuis voel in die multikulturele eenheidstaat.

Enersyds is die Afrikaner besig om deur die skep van eie instellings, homself los te maak van die korrupte en skandalige bestel. Die einddoel behoort egter uiteindelike volle vryheid te wees. As ander volke dieselfde vir hulle wil hê, moet hulle self daaraan begin werk.

Maar nou meer as ooit: Eie volk eerste! Eie volk, eie land!

Die Afrikaner is bevoorreg om weer Sus Lettie se briewe aan Sus Katrien te kan plaas.

Alet Murray het hierdie briewe van ’n heelwat jonger Lettie aan ’n heelwat jonger Katrien geskryf vir ***Die Afrikaner*** in die vroeë tagtigerjare.

Almal het maar saam met die jare gestap, en Alet het ingewillig om die avonture van Lettie en Servaas weer op te tel waar hulle tans in ’n ouetehuis woon...

So gesê, so gemaak.

Septimus het besluit dat ons moet vergader om voorbereidings vir die onheilstyd te bespreek, maar die weer het besluit dat ons nie nog 'n piekniek onder die boom kan geniet nie. In die stuifreëntjie het al die inwoners van Tweede Wind en Kwadraat sowel as ons aangrensende bure saamgetrek in Koekemakranka se saaltjie. Die koffiekanne en borde met opteleetgoed het nie tuis gebly nie. Natuurlik nie!

Terwyl ons sit en wag dat almal aankom, kyk ek rond na ons mede-setlaars. Daar is Gerendiena met haar hoenderboerdery, Sienie, Neels en broer Naas met die melkbokke, Allegro en Andante ons kunstenaars met die vier donkies, oom Janneman met sy ou hondevriend Boeta, Wilhelm met sy tent agter Sienie se bakoond en skugter Pietprof met sy rekenaar en boeke. Almal mense wat uit 'n onrustige lewe hier kom wortels skiet het en nou in hulle najaar in vrede en geluk saam woon op 'n eie stukkie aarde.

Ek dink aan die onsekerheid en vrees vir die toekoms wat daagliks oor die media aan ons opgedis word en ek besluit dat ek wat ek is, berge sal versit om hierdie groepie se lewensblyheid te beskerm, al is ek al 'n ou krok. Ou krokke het die voordeel van ondervinding en insig om die kwade 'n tree vooruit te wees.

Voordat die vergadering begin, kry elkeen 'n beker lekker warm koffie teen die triesterigheid wat saam met ons by die deure ingewaai het.

Servaas verwelkom almal. Hy sê dat Septimus gaan begin deur sy insig in wêreldgebeure met ons te deel, waarna almal welkom is om aan die gesprek deel te neem.

"Vriende," sê Septimus. "Hierdie bomgooiery in die Midde-Ooste is wel ver van ons af, maar ons kan verwag dat die golwe wel hierheen gaan oorspoel en veral op ekonomiese gebied. Dit moet die basis vorm van ons vooruitbeplanning. Eers gaan brandstof skaars en duur word, wat voedselproduksie en die vervoer van produkte se pryse gaan verhoog. Dan sal artikels uit die buiteland wat nou iewers op see sit en wieg, onbekombaar en duur word. Kortom, alles wat ons gewoonlik met gemak gaan koop, gaan skaars en duur word. Ons moet dus by 'n punt begin en probeer walgooi teen skaarste en hoë pryse. Wat stel julle voor?"

Gabriël staan op, skuif sy bril hoër op teen sy neus. "Eerstens moet elke gesin ekstra benodigdhede met 'n lang raklewe aanskaf. Ons huise is egter almal taamlik klein en die geskietery kan ons lank beïnvloed. Ek stel voor dat ons 'n gemeenskaplike stoor aan die gang kry. Ek stel voor dat elkeen ‘n paar rand bydra sodat ons basiese goed soos meel en suiker kan aankoop en wat ons dan weer by die stoor kan aankoop. Ons sal 'n stoorman moet aanstel en rakke bou. Septimus het aangebied dat ons 'n kamer by Koekemakranka kry."

"Wonderlik," sê Eeufeesia. " Die dames van Kwadraat het reeds besluit om te begin met die inlê van groente en vrugte en Bokkie is 'n ou hand met droog. Ons dames moet ook aandag daaraan gee dat baie van ons komberse en breiwol deesdae uit Turkye kom en die winter is naby."

Oom Janneman spring op. "Bommetjies, julle gaan ons nie hier ontwrig nie! Dankie almal dat hier mense is wat nie omgestamp word nie! Kom Wilhelm, ek en jy het werk. Ons gaan 'n groot lot hout kap en begin om nog 'n bakoond te bou. Jakobus, jy sal moet ophou kla en vir ons kom help!"

Groete ook aan ou Swaer.

Jou liefhebbende
Sus Lettie

Herstigte Nasionale Party

Tel 079 752 4898
e-pos: **hnpvansa@gmail.com**

Aansoek om Lidmaatskap

Ek, die ondergetekende, verklaar hiermee plegtig dat die grondslag, doelstellings en beginsels van die Herstigte Nasionale Party ten volle onderskryf en my aan die grondwet onderwerp.

Titel: Prof Dr Mnr Mev Mej

Van en Voorletters: _____

Adres: _____ Sel.no.: _____

_____ E-pos: _____

_____

Poskode: _____

ID No: _____

Vaardigheid/Beroep: _____

Ledegeld: ☐ (D/O)(R50 p/m)

Handtekening: _____ Datum: _____

Goedkeuring van Lidmaatskap

Datum van toelating: _____ **Ledegeld betaal:** _____

(Get.) Werwer (HNP-lid): _____

Bankbesonderhede:

ABSA Tjekrekening: 020770880 **Rekeningnaam**: Spitskopfonds **Verwysing**: U naam en van

Kantoorgebruik:

Datum waarop aansoek ontvang is: _____ Lidnommer: _____

Datum waarop ledekaart aan lid gestuur is: _____

Die Afrikaner
sedert 1970
admin@hnp.org.za Tel. 079 752 4898

Debietorderopdrag

Titel: Prof. Dr. Mnr. Mev. Mej.

Van en Voorletters: _____

Adres: _____ Sel. _____

_____ E-pos _____

_____

Poskode: _____

ID Nr: _____ Datum: _____

AAN: *Die Afrikaner*, Posbus 18826, PRETORIA-NOORD, 0116.

Geagte Meneer **MY OOREENKOMS: MAANDELIKSE BYDRAE**

Die besonderhede van my/ons* bankrekening is soos volg:

BANK _____

TAKNAAM EN DORP _____

TAKNOMMER: _____ **REKENINGNOMMER**: _____

TIPE REKENING: **Tjek** **Transmissie** **Spaar**

BEDRAG: R _____ (_____**Rand**) in woorde

Ek/Ons* versoek hiermee, "dra dit aan u op", en magtig u om my/ons* rekening by bogenoemde bank (of 'n ander bank of tak waarheen ek/ons* my/ons* rekening mag oorplaas) met bostaande bedrag te debiteer ten opsigte van bogenoemde ooreenkoms op die 1e 16e dag van elke maand met ingang _____. Alle sodanige onttrekkings uit my/ons* bankrekening deur u word behandel asof dit deur my/ons* persoonlik onderteken is.

Ek/Ons* stem toe om enige bankkoste met betrekking tot hierdie debietorderopdrag te betaal. Hierdie magtiging kan deur my/ons* gekanselleer word deur aan die HNP skriftelik dertig dae kennis te gee, maar ek/ons* verstaan dat ek/ons* nie op 'n terugbetaling van bedrae geregtig is wat u onttrek het terwyl dié magtiging van krag was nie. Die ontvangs van hierdie opdrag deur u word as ontvangs daarvan deur my/ons* bank (soos die geval mag wees) geag.

Onderteken te _____ op hierdie _____ dag van _____ 2024.

_____
HANDTEKENING

*Skrap wat nie van toepassing is nie